

Kurrikulum Direktoraat: AOO		LESPLAN			
Vak	Afrikaans HT	Kwartaal	2		
Graad	7	Week	8		
<b>Skakel met onderrig-en assesseringsplan</b>		<b>Letterkundige tekste:</b> Drama: Uittreksel uit 'n toneel (eenbedryf). <p>Aktiwiteit 1: Skryf en Aanbied</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf 'n dramaresensie</li> </ul> <p>Aktiwiteit 2: Taalstrukture en -konvensies</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Formele taalonderrig</li> <li>• Taal geïntegreerd</li> </ul>			
Inleiding	<b>Letterkundige tekste:</b> Drama: Uittreksel uit 'n toneel (eenbedryf). <p><b>Graad 6:</b> Kennis gemaak met 'n uittreksel uit 'n toneel (eenbedryf)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf en Aanbied:               <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Konvensies van 'n paragraaf.</li> <li>◦ Skryfproses.</li> </ul> </li> <li>• Taal:               <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Hulpwerkwoord, koppelteken, aanhalingsstekens en komma.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Graad 7:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Doel</b> van die tema is om reeds verworwe kennis te <b>hersien, miskonsepte</b> uit die weg te ruim, <b>te bou</b> op konsepte en vaardighede om <b>te kan toepas</b> en sodoende eie tekste kreatief te kan <b>skep</b>.</li> </ul> <p><b>Toepassing in daaglikse lewe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Dramas is deel van ons lewens. Dit lig in, voed ons op en vermaak ons. Dit is belangrik dat ons die doel en formaat van 'n dramaresensie sal kan begryp om ons eie teks te kan skep.</li> <li>◦ Om die genre van dramas eerlik te kan beoordeel.</li> </ul>				
Konsolidasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerders voltooi die aktiwiteite, kyk na video-insetsels, volg die kontrolelyste en assesseer hul eie werk, selfstandig of saam met die hulp van 'n familielid.</li> <li>• Leerders kan teruggaan na die verduidelikings (geskrewe of visueel) om miskonsepte te verifieer of te korrigeer.</li> <li>• Leerders word deur die voltooiing van die aktiwiteite willekeurig ingetrek om daagliks bewus te word van 'n ingeligte wêreld.</li> </ul>				
<b>Papiergebaseerde bronne:</b> Handboeke beskikbaar Werkkaarte met inligting en vrae Woordeboek Video-insetsels		<b>Digitale bronne:</b> <a href="https://wcdeportal.co.za/curriculum-support/">https://wcdeportal.co.za/curriculum-support/</a> <a href="https://wcdeportal.co.za/partners/#103031">https://wcdeportal.co.za/partners/#103031</a> Die skryfproses: <a href="https://drive.google.com/open?id=13la_66Cu4cq5uFh8PTsPPvlbCrxPsIN6V1NcDK5Yfwk">https://drive.google.com/open?id=13la_66Cu4cq5uFh8PTsPPvlbCrxPsIN6V1NcDK5Yfwk</a> Hulpwerkwoord: <a href="https://youtu.be/TLqa5T34FTE">https://youtu.be/TLqa5T34FTE</a> <a href="https://youtu.be/WTa8-odON9Q">https://youtu.be/WTa8-odON9Q</a>			
	<b>VAARDIGHEDÉ (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)</b>	<b>ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)</b>	<b>Hulpbronne / LOOM (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)</b>		

<h3>AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER</h3>	<p><b>Skryf en Aanbied:</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li><b>Onderrig</b> die tekskenmerke van 'n resensie.</li> <li><b>Hersien</b> die genre: drama/toneel.</li> <li><b>Lei</b> leerders om 'n dramaresensie te skryf.</li> </ol>	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Hersien/onderrig</b> die struktuur/formaat van 'n resensie.</li> <li><b>Kyk</b> weer saam met leerders na video's van resensies.</li> <li><b>Fokus</b> op die konvensies van 'n paragraaf:             <ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwerpsin van die paragraaf.</li> <li>Kern en ondersteunende gedagtes.</li> <li>Logiese opeenvolging van paragrawe.</li> <li>Gebruik van voegwoorde vir samehang.</li> <li>Gebruik 'n verskeidenheid sinsorte, -lengtes en -strukture.</li> </ul> </li> <li><b>Fokus</b> op die skryfproses:             <ul style="list-style-type: none"> <li>Beplanning.</li> <li>Konsep.</li> <li>Hersiening.</li> <li>Redigering.</li> <li>Proeflees en aanbieding van finale konsep.</li> </ul> </li> <li><b>Kontroleer</b> finale produk deur selfassessering – kontrolelyse word gebruik.</li> </ul>	<p><b>Aktiwiteit 1:</b></p> <p><b>Toneel (eenbedryf) verwerk uit</b> <a href="mailto:thomas@skaduwee.net">thomas@skaduwee.net</a>, geskryf deur Carina-Diedericks Hugo.</p> <p>Tekskenmerke: Verduideliking in aktiwiteit 1.</p> <p>Skryfproses: Skyfies in aktiwiteit 1.</p>
	<p><b>Taalstrukture en Konvensies:</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>Woordvlak:             <ul style="list-style-type: none"> <li>Hulpwerkwoorde</li> </ul> </li> <li>Lees- en skryftekens:             <ul style="list-style-type: none"> <li>Aanhalingstekens</li> <li>Komma</li> </ul> </li> </ol>	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Onderrig</b> taal formeel deur inhoud aan die leerder te verskaf.</li> <li><b>Kyk</b> na ondersteunende video's en PowerPoint.</li> <li><b>Pas</b> taal geïntegreerd in konteks <b>toe</b>.</li> </ul>	<p><b>Aktiwiteit 2</b></p>
<h3>AKTIWITEITE VIR DIE OUER</h3>	<ol style="list-style-type: none"> <li><b>Praat:</b> U kan saam met die leerder na dramas/sepies op die televisie en bespreek.</li> <li><b>Lees en Kyk:</b> Lees saam met u leerder</li> </ol>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Help u leerder deur saam met hom/haar deur die aktiwiteitsbladsye te lees. Kyk ook na die opvoeder se instruksies bo.</li> </ul>	<ol style="list-style-type: none"> <li>Dramas/sepies op die televisie.</li> <li>Video-insetsels van resensies.</li> <li>Resensies in die koerant.</li> <li>Aktiwiteite 1 &amp; 2.</li> <li>Woordeboek / VivA-app.</li> </ol>

<p>In hierdie week gaan u leerder die volgende vaardighede doen:</p>	<p>die toneel in die aktiwiteitsbladsy – verdeel die rolle tussen gesinslede.</p> <p>3. <b>Woordeskat:</b> Help u leerder deur onbekende woorde te verduidelik of na te slaan.</p> <p>4. <b>Skryf en aanbied:</b> Leerder gaan 'n resensie skryf oor die toneel wat u hardop gelees het. Moedig u leerder aan om hul eie mening te vorm.</p> <p>5. <b>Taal:</b> Die verduidelikings is op die aktiwiteitsbladsy. Help u leerder indien leerder vasstaak.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Luister na u leerder as hulle moet lees/voordra of iets vertel aan u. Lees saam met u leerder.</li> <li>• Lewer positiewe kommentaar oor hul pogings.</li> <li>• Maak flitskaarte met wordeskat op en plak teen 'n muur waar dit sigbaar is vir u leerder.</li> </ul>	<p>6. Die afdeling, ouerhulp, sal vir u leerder gee.</p>
 <b>AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER</b>	<p><b>Volg die aktiwiteite 1 – 3. Dit is presies uiteengesit wat jy moet doen.</b></p> <p><b>1. Aktiwiteit 1: Skryf en Aanbied.</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy gaan 'n dramaresensie skryf van die toneel wat jy gelees het.</li> <li>• Die geïntegreerde kenmerke van 'n resensie en kontrolelys sal jou lei hoe om te skryf.</li> <li>• Volg die skryfproses.</li> <li>• Kontroleer jou resensie.</li> <li>• Lees jou resensie hardop voor aan 'n familielid.</li> </ul> <p><b>2. Aktiwiteit 2: Taalstrukture en -konvensies &amp; Skryf:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ondersoek taal formeel, dit word in die aktiwiteite verduidelik, leer dit, vra vir hulp as jy dit nie verstaan nie en pas dit in konteks toe.</li> </ul> <p><b>Dankie vir jou harde werk! Wees veilig en bly gesond</b></p>		

### SKRYF en AANBIED: 'n Dramaresensie

**Week 8: Aktiwiteit 1: 60 minute**

#### OPVOEDER

**• Skryf en Aanbied**

Skryf 'n dramaresensie na aanleiding van 'n toneel (uittreksel uit 'n boek) gelees.





## OPVOEDER-/OUERHULP

### 1. Skryf en Aanbied:

- **Lees** die toneel (eenbedryf) wat 'n uittreksel van die boek, [thomas@skaduwee.net](mailto:thomas@skaduwee.net), geskryf deur Carina-Diedericks Hugo is (onderstaande afdeling, nr.1).
- Indien daar genoeg familielede in die huis is, kan julle dit **hardop** saam in roverdeling, **lees**.
- **Bespreek** saam wat die verskil is tussen die twee genres: Boek en toneel/drama.

## LEERDER/VERDUIDELIKING/INHOUD

### 1. **Lees** die teks ook selfstandig (self met aandag).

1

### Nou gaan die piesangs vlieg!

#### NOTA

Hierdie eenbedryf is 'n verwerking van 'n gedeelte uit [thomas@skaduwee.net](mailto:thomas@skaduwee.net) van Carina Diedericks (LAPA Uitgewers, 2016). Dit is kort genoeg om in klasklif op te voer, met minimale dekor soos twee stoelle en rugsakke. Dit kan dien as 'n inleiding tot die lees van die boek, of 'n prikkel om leerders aan te moedig om die reeks te lees.

#### KARAKTERS

THOMAS

Hy is slim, gewild en avontuurlustig, maar geneig om geduld in die moeilikhed te beland. Hy beleef op die oomblik 'n moeilike tyd by die skool, so hy is 'n bietjie depressief – maar sy humorsin het darem gebly.

ALEX

Thomas se meisie. Sy is 'n regte slimkop – een van die skool se toppers wat aan elke denkbare skoolaktiwiteit deelneem en in alles uitblink.

HANNES

Thomas se beste vriend. Hy is baie lojaal aan Thomas, maar kan soms nogal verstrooid wees.

FLIP en JAPIE

Twee tipiese skoolboelies. Die twee het nie veel tussen die ore nie, en hul stokperdjies is om die lewe vir Thomas moeilik te maak.

MENEER SWART

Natuurwetenskaponderwyser. Hy is baie streng.

MENEER VOLSCHEK

Die skoolhoof. Enige skoolkind se ergste nagmerrie. Hy is 'n rare, bombastiese man wat Thomas en Hannes nie voor sy oë kan verdra nie.

ROOI TEKKIES

'n Skurk wat rooi tekkies dra.

STOPPELBAARD

'n Skurk met 'n stoppelbaard.

THOMAS: (*Aan die gehoor*) Ou kei, hier's vir jou 'n uitdaging. Maak jou oë toe en dink aan die grootste dag wat jy nog ooit gehad het. (*Kwaai!*) Hei, dude, ek is ernstig: Maak toe jou oë. Reg. Onthou jy daai dag? Daardie dag wat erger as die minste Electrolux gesug het? Wel, dis die soort dag wat ek vandag het. As 'n dag soos dié een begin, moet jy wéé ...

(*Thomas stap oor die verhoog met sy skoolsak oor sy skouer. Hy het pas by die skool aangekom. Skielik is Flip en Japie op sy hakke. Flip kry hom aan sy rug sak beet en pluk hom hardhandig terug.*)

FLIP: Steyn! Het iemand al vir jou gesé jy lyk soos 'n meisie met jou sak op jou rug?

2



JAPIE: 'n Graadeenmeisie!

(*Die twee boelies lag asof dit die grap van die jaar is.*)

THOMAS: (*Haal diep asem en praat met die gehoor*) Dis Flip en Japie. Hulle is 'n tweeling, 'n Dubbele dosis dom. En hulle is die twee grootste boelies in die skool, ingeval jy dit nie self kon raa nie. Die twee maak my en Hannes se lewe al van graad agt af moeilik. Ja, ek weet wat julle dink: Foeter hulle 'n slag ordentlik op, Thomas! Is jy 'n man of 'n muus? Waarvor het jy vuiste gekry? Hallo-o-o, my ou – gaan google die oogarts se nommer! Hierdie twee is so groot soos Springbokrugbyspelers. (*Aan die boelies*) Los my uit!

JAPIE: (*Terwyl hy in Thomas se rug sak grawe*) Waar's jou pousekos? (*Hy ontdek die kosblik en lig dit uit.*) A, jackpot!

FLIP: (*Aan Japie*) Ek dink hy moet tolged betaal, of hoe?

JAPIE: (*Hou sy hand na Thomas uit.*) Geld.

THOMAS: Ek het nie, oukei. Julle het nou my kos, so los my uit.

(*Thomas maak sy rug krom sodat Flip se arm te ver voorentoe moet strek en ruk los. Dit vang Flip onverwags en Thomas gebruik die geleenthed om vinnig weg te stap.*)

FLIP: (*Dreigend agter Thomas aan*) Ons check jou, Steyn.

THOMAS: (*Brom gedemp*) Ruik my vuil sokkies, losers. (*Aan gehoor*) Jip, ek weet wat julle nou dink. (*Met 'n sarkastiese stemtoon*) Arme en Thomas. So, hy word geboelie. Big deal. Amper almal word die een of ander tyd geboelie, tensy jy Vim Diesel of The Rock of so iemand is. (*Met sy normale stemtoon*) Maar wag, hierdie dag het nog skaars begin ...

(*Thomas kom by die aantreevierkant aan en gooi sy rug sak neer. Hy sien vir Alex aangestap kom en hy glimlag.*)

THOMAS: (*Aan gehoor – met 'n trots glimlag*) Dis Alex. Sy's hot, ne? Sy's vrek slim ook. En sy's my meisie, so julle ouens kyk verniet. Maar ... uhm ... dinge tussen my en Alex is die laaste tyd ... ek weet nie ... anders ... Sy's geduld besig. Musieklesse. Drama. Debat. Kunswedstryde. Bla-bla-bla. Ons hang amper nooit meer uit nie. (*Aan Alex*) Hei.

(*Thomas leun voorentoe om Alex 'n drukkie te gee, maar haar rug is stof toe hy sy arms om haar sit.*)

ALEX: (*Onbegripvol*) Haai. Luister ... uhm ... kyk, Tom. Ons moet gesels. Kan ek jou na skool by Kauai kry vir 'n smoothie?

te skep en hoofsaakklik dialoog in dialoogformat.

**Drama/toneel:** Bedrywe, beskywings om die situasie oanhangingsstekens.

**Boek:** Hoofstukke, paragrafe en dialoog is in

**Verskille tussen 2 genres:**



3

THOMAS: (*Sarkasties*) Het jy tyd? (*Hy voel dadelik spyt oor sy bitsige stemtoon.*) Ek bedoel, het jy nie musiekles nie?

ALEX: (*Fronsend*) Nie vandag nie. Noot op Woensdae nie.

THOMAS: O, jammer. (*Kyk op sy horlosie.*) Kan ons nie nou gesels nie? Daar's nog tyd.

(*Alex knik en beduius na 'n bankie.*)

ALEX: Kom ons gaan sit daar.

(*Thomas stap sleepvoet, soos iemand wat weet hier kom moeilikhed. Hulle gaan sit, albei duidelik ongemaklik.*)

THOMAS: Oukei, Alex, so waaroor wil jy gesels?

ALEX: (*Haal diep asem en draai na hom.*) Kyk, Tom. Ek dink nie ... Wel, die ding is ... Ag, Tom. Dit werk nie meer nie!

THOMAS: Wat werk nie meer nie?

ALEX: Ons. Ek en jy. Ons verhouding. Ons sien mekaar nooit en dinge is net nie dieselfde nie. Ek wil jou nie verloor nie, maar ek dink nie ons moet meer uitgaan nie. Ons werk as vriende, maar nie as ou en meisie nie. Al lankal nie.

THOMAS: (*Verbysterd*) Wow.

ALEX: Dis al wat ek wou sê.

THOMAS: So, maak jy uit met my?

ALEX: (*Vee oor haar oë*) Nee ... Ja. Maar ek wil hê dit moet ons albei se besluit wees.

THOMAS: Kan ons nie ... jy weet ... daaroor praat nie? Dinge kan tog nie so erg wees nie? Ek bedoel ons -

ALEX: Tom. As ons daaroor kón praat, sou ons al daaroor gepraat het.

(*Die stilte hang 'n oomblik lank swaar in die lug.*)

THOMAS: Jy's reg. Jy's seker reg. Maar dit suck.

(*Thomas staan op en begin wegstap. Alex af.*)

THOMAS: (*Aan gehoor*) Het jy al ooit aan 'n elektriese heining gevat? Glo my, dis nie 'n goeie idee nie. Dis hoe ek op hierdie oomblik voel. Asof iemand my met 'n krieketkolf of die kop gefoeter het. Die lewe - nee,

my lewe - suig mielies. Mielies! Daaï twee gorillas vat my pousekos. My meisie sê my af. Maar hei, daar is darem een ligpuntjie, né? Ten minste kan hierdie dag nie erger raak nie ... of hoe?

(*Thomas tel weer sy rug sak op, stap na 'n stoel, sit sy rug sak neer en gaan sit. Dit is die natuurwetenskapklaas. 'n Oomblik later kom Hannes op en gaan sit langs hom.*)

HANNES: Jis, loser. Vir wat lyk jy vanoggend asof iemand op jou batterye geplipie het?

THOMAS: Dude, moenie eens vra nie.

HANNES: Hallo-o-o, my ou. (*Waaie sy hande voor Thomas se gesig.*) Kyk, dis ek, Hannes, jou beste pel. Wat vreet jou? Moenie vir my sê die Marais-tweeteling het jou weer vanoggend beetgehad nie?

THOMAS: (*Sug*) As dit maar al was ...

(*Meneer Swart kom binne. Hy lyk kwai na Thomas en Hannes.*)

MNR. SWART: Steyn, Le Roux – julle weet ek duld nie 'n pratery in my klas nie. Kry uit julle NW-boeke.

HANNES: (*Praat gedemp met Thomas terwyl hy in sy rug sak grawe.*) Wat's fout, man? Jy lyk so depressed soos 'n vampier in 'n groentewinkel.

THOMAS: (*Fluister*) Dis Alex. Sy't vanoggend voor skool gesê sy wil met my praat ...

HANNES: Eish! Dit klink hectic. As 'n meisie eers sê sy wil praat, moet jy weet die piesangs gaan vlieg. Alex het nou die dag vir my gesê dinge is nie lekker tussen julle twee nie. Ek het die idee gekry sy voel ... soort van ... afgeskeep.

THOMAS: (*Vergeet nou om te fluister. Hy kan sy ore nie glo nie.*) Wát? Hoekom hoor ek nou eers hiervan? Verstaan ek reg? Alex, my meisie, het net jōu oor ons twee se verhouding gesels. En jy sê my niks nie? Watter soort pel is jy, Hannes? Ek bedoel –

MNR. SWART: Steyn! Jy is duidelik nie in die bui vir chemie nie. Vat jou goed en gaan sit buite.

(*Thomas pak vinnig sy goed terug in sy rug sak en stap by die klas uit. Hannes en meneer Swart af. Thomas kom na 'n oomblik weer opgestap. Hy sit sy sak neer en gaan sit op die grond, duidelik moedeloos. 'n Oomblik later kom meneer Volschenk aangestap – met 'n kenmerkende waggelstep en 'n asem wat roggel. Thomas sien die skoolhoof en sy gesig val – hier kom moeilikhed!*)

THOMAS: (*Aan die gehoor*) Nou gaan die piesangs vlieg! Dis meneer Volschenk. Hier's vir jou 'n interessante feit: Daar is ongeveer

4

34 000 skole in Suid-Afrika. En ek is seker nie een van hulle het 'n grilliger en gemener skoolhoof as hy nie. Almaal noem hom Oros-man, want hy's drillerg en oranje-pienk. En hy haat vir my en Hannes, al sedert ons eerste skooldag hier in die Hoërskool Leeukop.

MNR. VOLSCHEK:

(*Gaan staan met sy hande in sy sye en ghuur Thomas aan.*) Hoekom is ek nie verbaas om jou hier te sien sit nie?

(*Thomas skarrel orent.*)

MNR. VOLSCHEK:

Jy is werlik 'n uitvragsel, Steyn. 'n Uitvragsel! Ek sien jou in dieselfde lig as bandiete en renosterstropers. 'n Jeugmisdaadiger. Dis waarheen jy op pad is. As dit nie was vir jou advokaatpa wat stof opskop as ek jou wil dissiplineer nie, was jy lankal uit hierdie skool geskors. Detensie. Twee weke. Twee Saterdae. Kom ná skool na my toe.

(*Voordat Thomas iets kan sê, stap meneer Volschenk af.*)

THOMAS:

(*Aan gehoor, verbitterd*) Detensie op 'n Saterdag? Geen probleem nie. Ek het mos nie 'n lewe nie. My meisie het my gelos en voor die tyd gekies om alles met my beste pel te besprek – wat niks vir my gesê het nie. Ja-neé, hierdie dag word beslis 'n wenner. (*Trek sy skouers op.*) Ek is tog klaar kniediep in die dinges, ek kan netsoewel die res van die periode in die son gaan sit.



(*Thomas staan op en begin wegstap. Hy stap fluit-fluit oor die skoolterrein, kyk 'n bietjie rond en kry dan 'n lekker kol waar hy hom gemalik uitstrek. Hy gaap. Dit lyk of hy inslumer.* 'n Oomblik later kom Rooi Tekkies en Stoppelbaard op die verhoog gestap. *Ann hul liggaamshouding en die manier waarop hulle behoedsaam rondlyk, is dit duidelik dat hulle met iets onderduums besig is.*)

ROOI TEKKIES:

Ons moet dit skui. Die tonnel is reg. Ons moet dit hierdie naweek ondersoek en dit volgende naweek doen. Hulle wil die wapens daai Maandagaand van die skip afne.

STOPPELBAARD:

Is jy mal? Hoe wil jy dit doen? Ons het mos gesien die afgelope tyd krioel die skool van kids en grootmense – maak nie saak watter tyd van die dag nie.

ROOI TEKKIES:

Nie in die dag nie, moroon. Ons sal dit in die aand moet doen.

STOPPELBAARD:

Wil jy in die aand in die tonnel wees?

ROOI TEKKIES:

Het jy 'n ander voorstel?

(*Thomas se oë fladder oop. Dit lyk 'n oomblik of hy nie mooi weet waar hy is nie. Dan sien hy die twee mans. Hy bly doodstil lê en lyk benouid.*)

ROOI TEKKIES:

Kyk, my kontak hier sal sorg dat al die deure en hekke oop is. Ek kan reël dat hier nie wagte is nie. Maar die risiko is steeds enorm.

STOPPELBAARD:

Moes ons nou 'n plek gekies het wat reg in die middel van Kaapstad is?

ROOI TEKKIES:

Weet jy, soms is jy so dom ek wil jou sommer iets aandoen! Dink jy ons het beheer oor hoe en waar die tonnels loop?

STOPPELBAARD:

O, ja.

THOMAS:

(*Met 'n fluisterstem aan die gehoor*) Wapens? Tonnels? Wie is hierdie mense? Dit klink hectic ...

ROOI TEKKIES:

Kom. Ons speel met vuur deur nou hier by die skool te wees. Ons moet hier wegkom voordat iemand ons sien.

(*Thomas hou die twee dop wat vinnig wegstap. Toe hulle weg is, sit hy regop.*)

THOMAS:

(*Grootog aan die gehoor*) Het ek reg gehoor – of rook ek nou ernstig my sokkies? Het twee ouens nou net afgesprek om wapens deur 'n tonnel of iets hier na die skool te bring? (*Slud sy kop verdwaas en staan op.*) So, dis hoe my dag tot dusver verloop het. Géboelle. Afgesé deur die mooiste meisie in die skool. Verraa deur my beste pel. Detensie gekry. Nou hierdie storie met die wapensmokkelaars ... En dis nog me eens eerste posee nie. (*Stop nader aan die gehoor*) So, hier's vir jou 'n uitdagung: Maak jou oë toe en dink aan die grootste dag wat jy nog ooit gehad het. Reg. Onthou jy daai dag? Is dit erger as my dag tot dusver? Regtig? Dude, dan kry ek jou jammer. Wat sê jy, sal ons skool bink 'n milkshake gaan drink? Maak myne sommer 'n double thick.



## 2. Hersien die skryfproses.


[https://drive.google.com/open?id=13la\\_66Cu4cq5uFh8PTsPPvIbCrxPsIN6V1NcDK5Yfwk](https://drive.google.com/open?id=13la_66Cu4cq5uFh8PTsPPvIbCrxPsIN6V1NcDK5Yfwk)

<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Gepaste diagram.</li> <li>• 'n Kopkaart.</li> </ul>	<p><b>Beplanning:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• WIE? Wie is die resensent? Vir wie skryf ek die resensie? Wie vertolk die rolle van die karakters?</li> <li>• WANNEER? Wanneer het die toneel plaasgevind? In watter tydera speel die toneel af? Pas die kostums en rekvisiete by die korrekte tyderra?</li> <li>• WAAR? Waar het die toneel plaasgevind? Verteenwoordig die kostums en die rekvisiete die ruimte van die toneel?</li> <li>• WAT? Wat gebeur in die toneel?</li> <li>• WAAROM? Waarom sal jy die toneel aanbeveel/nie?</li> </ul>
<p><b>Eerste weergawe (konsep):</b> Gee struktuur aan jou kerngedagtes.</p> <p><b>Sinne - verskillende:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sinslengtes</li> <li>• Sinsoorte</li> <li>• Sinstrukture</li> <li>• Begin woorde/frases.</li> <li>• Voegwoorde: maak seker van die korrekte punktuasie.</li> </ul> <p><b>Paragrawe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofgedagte is aan die begin geskryf, gevvolg deur ondersteunende besonderhede.</li> <li>• Volg logies opmekaar.</li> </ul>	<p><b>Eerste weergawe (konsep):</b> Gee struktuur aan jou kerngedagtes.</p> <p><b>Sinne - verskillende:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sinslengtes</li> <li>• Sinsoorte</li> <li>• Sinstrukture</li> <li>• Begin woorde/frases.</li> <li>• Voegwoorde: maak seker van die korrekte punktuasie.</li> </ul> <p><b>Paragrawe:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofgedagte is aan die begin geskryf, gevvolg deur ondersteunende besonderhede.</li> <li>• Volg logies opmekaar.</li> </ul>
<p><b>Redigeer en proeflees:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bring veranderinge aan.</li> <li>• Herorganiseer.</li> <li>• Hersien.</li> </ul> <p><b>Hoe?</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik 'n kontrolelys.</li> <li>• Lees teks stadig en hardop.</li> <li>• Portuugroep – hulp.</li> <li>• Reageer op aanbevelings/kommentaar.</li> <li>• Vergelyk jou teks met die kriteriamatriks.</li> </ul>	<p><b>Redigeer en proeflees:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bring veranderinge aan.</li> <li>• Herorganiseer.</li> <li>• Hersien.</li> </ul> <p><b>Hoe?</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik 'n kontrolelys.</li> <li>• Lees teks stadig en hardop.</li> <li>• Portuugroep – hulp.</li> <li>• Reageer op aanbevelings/kommentaar.</li> <li>• Vergelyk jou teks met die kriteriamatriks.</li> </ul>
<p><b>Herskryf:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf/tik finale weergawe – netjies.</li> </ul> <p><b>Aanbied:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Handig dit in vir evaluering/stal dit uit/lees hardop voor aan familielid.</li> </ul>	<p><b>Herskryf:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf/tik finale weergawe – netjies.</li> </ul> <p><b>Aanbied:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Handig dit in vir evaluering/stal dit uit/lees hardop voor aan familielid.</li> </ul>

3. Die onderstaande blok gee vir jou die **inligting** oor wat 'n resensie is. Dit is ook terselfdertyd 'n **kontrolelys**.

Wat is 'n resensie?			
'n Resensie is die beoordeling van 'n boek, kunswerk, film, toneelstuk, ensovoorts. In resensies gee die resensente sekere inligting oor die genre en die leser word dan aan of afgeraai om daarna te kyk/dit te lees.			
Eienskappe	Kontrolelys		
	Ja	Nee	
<b>Die naam van die drama</b>			
<b>Inleiding:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Resensent: (Naam van die resensent – dit sal jy wees.)</li> <li>Die drama (toneelstuk) se naam.</li> <li>Wie die skrywer is van die drama.</li> <li>Wie die regisseur is (wie het die drama afgerig).</li> <li>Waar dit opgevoer is.</li> </ul>		
<b>Paragraaf 1:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Resensent se mening, bondig (kort) of die toneelstuk aanbeveel, of nie, kan word.</li> <li>Die hoofkarakters is ... (Name van die karakters en kort beskrywing word gegee.)</li> </ul>		
<b>Paragraaf 2:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene indruk van die resensent; brei nou uit hoekom jy die toneelstuk aanbeveel, of nie.</li> <li>Die vertolking en gehalte van die spel, beligting, kostuums, rekvisiete, ens.</li> </ul>		
<b>Paragraaf 3:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Oorsig oor die inhoud van die drama sonder om die "geheim" of ontknoping van die drama te verklap – kort, opsommend.</li> </ul>		
<b>Paragraaf 4:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Iets oor die taalgebruik van die drama (pas die taalgebruik by die karakters bv. tienertaal as dit tieners is?)</li> </ul>		
<b>Paragraaf 5:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Slot en aanbeveling.</li> </ul>		
<b>Skryfwenke:</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om <b>objektiwiteit</b> te handhaaf, skryf in die derde persoon.</li> </ul>		

## TOEPASSING



### Opdrag:

- Lees** weer die toneel.
- Skryf** nou 'n resensie oor die uittreksel uit die boek wat as 'n toneelstuk/drama opgevoer is.
- Jy het nie die toneelstuk regtig gesien nie, maar nou kan jy jou **visualisering van die toneel, resenseer.**
- Jou resensie moet 120 -140 woorde wees.
- Volg** die skryfproses.
- Gebruik** jou Skryfboek (of afdeling van jou boek waar die Skryfvaardigheid gedoen word.)
- Gebruik** die kontrolelyls om jouself te kontroleer.

## TOEPASSING: BEPLANNING/FINAAL/SELFASSESSERING

- Assesseer** jou dramaresensie self. Gebruik die kontrolelyls in die bostaande afdeling.
- Jy kan ook 'n familielid vra om jou resensie te assesseer.

### TAALSTRUKTURE en -KONVENTIES

Week 8: Aktiwiteit 2: 30 minute

### OPVOEDER

#### Taalstrukture en -konvensies:

- Formele onderrig:**
  - Hulpwerkwoorde
  - Aanhalingstekens
  - Komma
- Toepassing in konteks**



### OPVOEDER-/OUER-/FAMILIELID-/MAATHULP

'n Opvoeder/ouer/familielid of maat kan die leerder help as hulle vashaak.



Daar sal verduidelikings by wees.

### LEERDER: VERDUIDELIKING

- Formele onderrig: Ondersoek** die onderstaande taalstrukture- en konvensies.

Jy kan ook na die volgende selfverduidelikende video-insetsels **kyk**.

#### Hulpwerkwoorde

<https://youtu.be/Tlqa5T34FTE>

<https://youtu.be/WTa8-odON9Q>




**Hulpwerkwoord**  
**HELP**  
**Hoofwerkwoord**



**Hulpwerkwoorde** tree saam met die hoofwerkwoord in

- Die **hulpwerkwoord van tyd** dui tyd aan, bv.:
  - Nilah het gespeel. (verlede tyd)
  - Nilah sal speel. (toekomende tyd)
- Die **hulpwerkwoord van vorm** druk die lydende vorm uit, bv.:
  - Die hokkiebal word ver geslaan. (lydende vorm, teenwoordige tyd)
  - Die hokkiebal is ver geslaan. (lydende vorm, verlede tyd)
- Die **hulpwerkwoord van wyse** druk houding uit, bv.:
  - Nilah kan nou speel. Nilah wil nou speel. Nilah mag nou speel. Nilah moet nou speel.



**TYD**

**VORM**

**WYSE**

### LEERDER: TOEPASSING

#### 1. Lees die onderstaande teks

Die koronavirus word oorgedra deur verskillende maniere. Die virus kan versprei deur asemhalingsdruppels wat geproduseer word wanneer 'n besmette persoon sal hoes of nies. Die medici het Suid-Afrikaners aanbeveel om 'n masker te dra, jou elmboog gebruik om in te nies of te hoes en om gereeld hande te was.

#### 2. Beantwoord die volgende vrae:

- Identifiseer** die hoofwerkwoorde.
- Skryf neer** en **benoem** die hulpwerkwoorde.

#### 3. Verbind kolom A met die korrekte rede in kolom B.

<b>Aanhalingstekens</b>	
<b>A</b>	<b>B</b>
1. Cesar Millian skryf in sy boek: "Wees altyd 'n goeie leier, dan sal jou hond gehoorsaam wees."	a) Die <b>direkte woorde van 'n persoon</b> word tussen aanhalingstekens geskryf.
2. Alex vertel dat daar 'n "spook" in die gange van ons skool tydens volmaan rondloop.	b) Wanneer jy <b>direkte aanhalings</b> uit 'n boek, leesstuk of gedig haal.
3. Thomas vra: "Hoe sal ons vir die twee boelies 'n les leer?"	c) Wanneer dit <b>nie regtig is nie</b> (kamma-kamma).

#### 4. Verbind kolom A met die korrekte rede in kolom B.

<b>Kommas</b>	
<b>A</b>	<b>B</b>
1. Ek koop vrugte, groente, rys en vleis vir die arm man.	a) Voor sekere voegwoorde soos <b>want</b> en <b>maar</b> .
2. My kat, die een met die gemmerhare, is mal oor 'n bol wol.	b) Tussen 'n <b>reeks selfstandige naamwoorde</b> .
3. Terwyl ons op die bed lê, sing my broer in die bad.	c) Tussen 'n twee of meer byvoeglike naamwoorde ( <b>beskrywende woorde</b> ).
4. Michelle, het jy al vir jou kat kos gegee?	d) Tussen twee werkwoorde ( <b>doenwoorde</b> ).
5. Ek kry raas, want my kat speel met die bol wol.	e) Na 'n naam van 'n persoon met wie gepraat word.
6. My kat is soet, spelerig en vinnig.	f) Weerskante van <b>ekstra inligting</b> / 'n inlas.

## TOEPASSING: BEPLANNING/FINAAL/SELFASSESSERING

### 1. Assesseer jou taaltoepassings self of vra 'n familielid.

a) oorgedra; versprei; geproduseer; hoes; nies; aanbeveel en gebruik. (te dra, te nies, te hoes = influïetiewe werkwoorde.)	b) word oorgedra; versprei; geproduseer = hulpwerkwoord van wye kan versprei = hulpwerkwoord van wye geproduseer word = hulpwerkwoord van vorm sal hoes = hulpwerkwoord van tyd het aanbeveel = hulpwerkwoord van tyd
---	---

<b>Aanhalingstekens</b>	
B	3. Thomas vra: „Hoe sal ons vir die twee boelleis 'n les leer?“ b) Die direkte woorde van 'n persoon word tussen aaphalingssteken geskryf.
A	2. Alex vertel dat daar 'n „spook“ in die gang van ons skool fydens volmaan rondloop. e) Wanneer dit nie regtig is nie (kamma-kamma). 1. Cesari Millian skryf in sy boek: „Wees altyd 'n goede leerder, dan sal jou hand gehoorasgam wees.“ d) Wanneer jy direkte aaphalings uit 'n boek, lessstuuk of gedig hoor.

<b>Komma's</b>	
B	6. My kat is soet, spelereg en vinnig. c) Tussen 'n tweee of meer blyvoeglike naamwoorde (beskywende woorde).
A	5. EK kry rads, want my kat speel met die bol wol. a) Voor sekere voegwoorde soos want en maar. 4. Michelle, het jy al vir jou kat gesgee? c) Na 'n naam van 'n persoon met wie gepraat word.
B	3. Terwyl ons op die bed lê, sing my broer in die bad. b) Tussen twee werkwoorde (dienwoorde).
A	2. My kat, die een met die gemmerhare, is mal oor 'n bol wol. f) Weerskante van ekstra intligting / 'n inlaas. 1. Ek koop vrugte, groente, ry's en vleis vir die arm man. a) Tussen 'n reeks selfstandige naamwoorde.